# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 75 Nommer 36 14 September 2025

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS: SONDAG 14 September 2025 – Dr De Wet Saaiman




**Skrifgedeelte:** Matteus 4:1-11
**Belydenis:** HK, Sondag 52a
**Teksvers:** Matteus 6:13
**Tema:** Onse Vader (8): Verlos ons van die Bose!

Die duiwel is ’n werklike en geslepe teenstander, nie net ’n denkbeeldige vyand nie. Hy werk in die donker, mislei die mens en gebruik selfs ons eie sondige natuur teen ons. Jesus self het Hom met die duiwel in die woestyn gekonfronteer en Hom met die Woord van God oorwin. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen geestelike magte wat probeer om ons van God weg te lei. Daarom leer die HERE ons om te bid: "Verlos ons van die Bose." Hierdie gebed erken ons afhanklikheid van God en sy krag, en lei ons na oorwinning in Christus. In die Woordverkondiging let ons op:

a) Die GESLEPENHEID van die duiwel;
b) Die BONDGENOTE van die duiwel;
c) Die WAPENS en oorwinning in Christus.

## AANDDIENS: SONDAG 14 September 2025 – Dr De Wet Saaiman

**Skrifgedeelte:** Matteus 13:1-9, 18-23
**Teksvers:** Matteus 13:23
**Belydenis:** Die Dordtse Leerreëls
**Katkisasie:** Die Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3/4 - Stellend
**Tema:** Let op hoe jy luister na die Woord!
Jesus vertel die gelykenis van die saaier om te wys hoe mense op sy Woord reageer. Die saad is die Woord van God, en ons harte is die grond. Sommige harte is hard soos 'n pad, waar die Woord vinnig weggevat word; ander is klipperig en oppervlakkig, en verloor hulle geloof wanneer beproewings kom; ander word weer oorweldig deur wêreldse bekommernisse en onkruid, wat die geloof verstik. Maar diegene wat goeie, voorbereide grond het, neem die Woord aan en dra ryk vrug. Die Here gebruik sy Gees om ons harte ontvanklik te maak, sodat sy Woord diep kan wortel skiet en ons lewe kan verander. In die Woordverkondiging let ons op:

a) Die SAAD van die Woord;
b) Die GEVARE van swak luister;
c) Die VRUG van ware geloof.

## SONDAG 14 September 2025

Kollektes onder die erediens is vir Barmhartigheid.
Die tweede kollekte vandag is na die oggenddiens vir die Kerklike tydskrifte en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte Sondag 21 September is na die oggenddiens vir die Kerkkas en na die aanddiens vir Expando.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Rentia Koch
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 7 – Oudl Jan-Louis Spoelstra
- Diakonale Diensbeurt: Groep 2
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Wytske van Wyk
- Katkisasie: Les 20 vir Graad 1 tot 8 na die oggenddiens in die katkisasielokale

**18:00 Aanddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Katkisasie vir die Belydenisklas tydens die aanddiens. Katkisante bly na die diens agter vir 'n bespreking van die preek en die vrae.

## PROGRAM VIR DIE WEEK 14 TOT 21 SEPTEMBER 2025

**Woensdag 17 September**
09:00 Forum
**Donderdag 18 September**
10:00 Bybelstudie: Koningskindersgroep
15:00 Voedingsprojek, Groep A olv sr Marisa Jacobs; Groep B olv sr Rita Strauss
**Vrydag 19 September**
09:00 Voedingsprojek, Groep A olv sr Marisa Jacobs; Groep B olv sr Rita Strauss

## Diensbeurte Sondag 21 September 2025

Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen
Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
Konsistorie Diensbeurt: Wyk 8 – Oudl Hantie Erasmus
Diakonale Diensbeurt: Groep 2
Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Tanya van den Berg
Katkisasie: Les 21 vir Graad 1 tot 8 na die oggenddiens in die katkisasielokale

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**
**Baie geluk aan ons 70-plussers wat in die komende week verjaar:**

***14 September***
- Sr Elize vd Walt (076 453 4573) Wyk 35

***20 September***
- Sr Greet Frank (083 469 6406) Wyk 9
- Br Hennie van Heerden (083 288 8287) Wyk 37

**21 *September***
- Sr Rina Dubery (073 405 3993) Wyk 23

**Baie geluk aan ons lidmate wat in die komende week verjaar:**

***14 September***
- Br Riaan de Bruyn (082 370 5359) Wyk 4

***15 September***
- Br Jannie Swart (082 363 4338) Wyk 36

***16 September***
- Sr Hanlie van der Zee (083 417 7577) Wyk 26
- Jsr Kimberleigh Venter (084 438 0796) Wyk 33

***17 September***
- Sr Vicky Kitshoff (083 468 4327) Wyk 5

**18 *September***
- Sr Christelle Retief (083 235 5678) Wyk 21

**20 September**
- Sr Magda Barkhuizen (072 359 0316) Wyk 26
- Jsr Jessica Schutte (082 857 9555) Wyk 39

**Baie geluk aan die volgende egpaar met die herdenking van hul huwelik:**
***18 September***

- Br Hennie en sr Sandra Stallknecht (079 699 0593) Wyk 41 met hul 46ste herdenking

**Lief en leed:**

- Sr Alet Steyn (072 143 1957) Wyk 36 is uit die hospitaal ontslaan nadat sy vir toetse opgeneem was. Sy sterk tans tuis aan. Mag die HERE haar op die pad van herstel bewaar.
- Ons maak met leedwese bekend die afsterwe van sr Martie Opperman op die ouderdom van 85 na ’n lang siekbed. Mag die HERE haar die rus gee na ’n lang stryd. Die troosdiens sal DV Dinsdag om 11:00 vanuit ons kerkgebou wees.

**Dankie:**

- Ek wil dankie sê vir almal wat my met die Padkafee bygestaan en gehelp het. Dankie vir die ondersteuning. Ons maak weer so! Dr De Wet Saaiman

## KENNISGEWINGBORD

| **Kollektes: 7 September 2025** | | **SnapScan: 7 September 2025** | |
|---|---|---|---|
| R 1759.00 | Oggend: Barmhartigheid | R 1662.62 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 1194.00 | Oggend: Deure/ EVF | R 511.65 | Oggend: Deure/ EVF |
| R 350.00 | Aand: Barmhartigheid | R 67.70 | Aand: Barmhartigheid |
| R 217.00 | Aand: Deure/ Kerkkas | R 181.35 | Aand: Deure/ Kerkkas |

## *Almanak 2026 en Die Kerkblad*

- Die Almanak vir 2026 kan bestel word by die kerkkantoor of br Colin Harris (078 453 5584) Wyk 30 teen R140
- Lidmate wat ’n elektroniese weergawe van Die Kerkblad wil ontvang kan dit aanvra by die Kerkkantoor

## *Beroepenuus*

Beroepe ontvang

- Ds ID (ID) Nagel van GK Uitschot na GK Kameeldrift
- Ds JG (Jacques) Tredoux van GK Pretoria-Brooklyn na GK Vaalpark

# *DIE GEESTELIKE LES VAN DIE LENTEBLOEISELS!*

Dit is weer die tyd wanneer die lentebloeisels verskyn. Wat wil God vir ons sê met hierdie pragtige blommetjies wat oral verskyn? Ek het aan 'n paar dinge gedink.

1 Petrus 1:24, 25: *Die gras verdor en die blom val af, maar die woord van die Here bly vir ewig.*
Die lentebloeisels is net vir 'n kort tydjie daar. Hulle kondig maar net vir 'n paar weke die lente aan. Hulle bring vir ons kleur na die eentonige wintertyd, dan is hulle rol vervul. Hulle word gou droog. Hulle verwelk en hulle val af.
So is alles waarmee ons op aarde te doene kry. Ons word beïndruk met die intelligensie of die rykdom van mense. Ons word banggemaak deur die mag van mense. Die lentebloeisels sê vir ons om te onthou dat mense ook maar van korte duur is. Moenie toelaat dat mense jou gemoedstoestand bepaal nie. Vul jou gemoed met die Woord van God en jy sal die regte uitkyk op die lewe hê. Die Woord van God maak jou sterk. Dit bevry jou van onsekerheid en vreesagtigheid. Jy leer om die dinge wat om jou gebeur in die regte perspektief te sien. Jy leer wat is regtig waardevol.

Lukas 21:29, 30: *Let op die vyeboom en al die ander bome. Sodra julle sien dat hulle begin uitloop (bot), weet julle vanself dat die somer al naby is.*
Jesus het hierdie beeld gebruik om ons te leer dat ons aan die tekens van die tye sal kan sien dat die einde naby is. Oorloë en siektes en rampe is vir ons die tekens dat ons, ons moet gereedmaak vir die wederkoms van Jesus.
As ons hierdie jaar die bloeisels aan die bome sien, laat ons, ons afvra: Kom Jesus nie hierdie jaar saam met die somer nie? Bring jou lewe in orde om God te ontmoet. Dit is nou die regte tyd. Dit is nou God se lentetyd. Moenie dat hierdie goeie tyd vir jou verbygaan nie.
Matteus 6:28: *Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?*
Ons moet almal erken: Elkeen van die miljoene lenteblommetjies is 'n kunswerk van God. Elkeen is 'n wonderwerk. Mense kan dit nie nadoen nie. As God soveel ag gee op elkeen van die lenteblommetjies, wat maar net vir 'n paar weke bloei, hoeveel te meer sal Hy nie op jou ag gee nie - so sê Jesus.
Pluk een van daardie bloeisels in jou tuin en luister wat dit vir jou sê. Ek dink dit wil vir jou in die oor fluister: *"Moet jou nie so bekommer oor baie dinge nie. Die God wat my gemaak het, is ook die God wat jou gemaak het. Die God wat vir my sorg is ook die God wat vir jou sorg."*
Kom ons neem elkeen ons plekkie op God se aarde in met vrolikheid en kleur en entoesiasme, net soos die bloeisels wat ons in hierdie dae oral om ons sien. Elkeen van ons is vir God belangrik. Elkeen van ons het 'n boodskap om te verkondig. Vertel van die boodskap wat God aan ons wil oordra uit die bloeisels in die natuur. Vertel, dis heerlike lente, die winter is verby!
Dankie vir almal se samewerking. Dit is tot eer van die HERE.

- De Wet Saaiman

## *Gedagte vir die week*



Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Openbaring 22:13

### PREEKPROGRAM – DERDE KWARTAAL 2025

<u>14 September</u>
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (8) – Verlos ons van die Bose! Matteus 4:1-11 (T = Matt. 6:13 & HK, Sondag 52a).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4 – Stellend – Die totale verdorwenheid van die mens! Genesis 1:26-31; 6:1-8; 8:20-22 (T = Gen. 6:5-6).

<u>21 September</u>
Oggend: Besoekende predikant – prof HF van Rooy
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4:4 – Weerleggend – Ons is uit genade, deur geloof gered! Efesiërs 2:1-10 (T = Ef. 2:8).

<u>28 September</u>
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (9) – Aan u behoort die Koninkryk. 1 Kronieke 29:10-30; Matteus 6:1-18 (T = 1 Kron 29:10-13 & HK, Sondag 52b).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls - Hoofstuk 5:1-2 – Stellend & Weerleggend – Dood vir die sonde, maar lewend vir God! Romeine 7:7-25 (T= Rom. 7:24-25).

**SKOLE SLUIT (3 OKTOBER)**

<u>5 Oktober (Dr De Wet verlof)</u>
Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff
Geen aanddiens.

<u>12 Oktober</u>
Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff
Geen aanddiens.

**SKOLE OPEN (13 OKTOBER)**

## *Die dood wink... (2)*

**Slaap**

In **1 Tessalonisense 4:14 en 15** word van Jesus se dood gepraat as “sterwe”: “*Ons glo immers dat Jesus **gesterwe** maar ook opgestaan het*.” Van die gelowiges se dood word gesê dat hulle “**ontslapenes**” is. Letterlik staan daar “*hulle het aan die slaap geraak*” (2020). In **Openbaring 2:8** openbaar Jesus Homself as Hy “*wat dood was en weer lewend geword het*.” Letterlik: Hy het 'n lyk geword. Ons sien dus dat van Jesus se dood op 'n “harde” manier gepraat word – want Christus het met sy dood die vloek van God as gevolg van ons sondes gedra, Hy was van God verlate. Van die gelowiges se dood word egter op 'n “sagte” manier gepraat. Jy gaan slaap. “Ontslaap” (1933, 1983). As iemand gaan slaap, dink jy tog nie hy is dood nie. Hy gaan netnou weer wakker word – en met nuwe murg in sy pype leef, met nuwe

energie. Hy léwe voluit!

Deur die woord “slaap” te gebruik vir 'n gelowige se afsterwe, leer die Here ons dus dat jy nie werklik “dood” (weg, tot niet) is nie. Jy lewe. **1 Tessalonisense 4:13** sê tog uitdruklik: “*Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het*.” Hy het die dood oorwin. Hy is sterker as die dood. En só is dit ook met jou wat in Hom glo. Daarom dat Jesus dit so pertinent vir Marta in **Johannes 11:25-26** kon verseker: “*Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, **sal lewe, al sterwe hy ook**; en elkeen wat lewe en in My glo, **sal in alle ewigheid nooit sterwe nie***.”

Terwyl ons by die graf van ons geliefde staan en huil, en in die saal verversings geniet, en aangaan met ons lewe, is daardie man of vrou of kind van jou besig om te *lewe*! Jesus het met sy dood en opstanding jóú dood getransformeer in *slaap*, in *lewe* – al haal jy nie meer asem nie.

**Waar is jy ná jou afsterwe?**

Wanneer jy in Jesus glo – wat die dood oorwin het – dan bly jy lewe al het jy ook gesterwe. Waar is dit? Hieroor is die Bybel baie duidelik.

- In **Johannes 14:2-3** het Jesus vir ons die versekering gegee: “*In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en **sal julle na my toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is***.” Saam met Christus! Vir ewig! In heerlikheid! Is dit nie wonderlik nie! Is dit nie iets om na uit te sien nie!
- Dit is inderdaad wat Paulus gedoen het. Hy vertel vir ons daarvan in **Filippense 1:21 en 23**: “*Om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins… Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en **(saam) met Christus** te wees, want dit is verreweg die beste.*” *Saam met Christus*. Hierdie woorde mag nie ons aandag ontglip nie, en ons moet ernstig en voortdurend daaraan dink: Jy het deel aan die heerlikheid van Christus (Rom. 5:2, en baie ander tekste).
- Dit is ook wat Jesus vir die misdadiger gesê het wat langs Hom gekruisig is – **Lukas 23:43**: “*Ek verseker jou: Vandag sal jy **saam met My** in die paradys wees.*” Die Here verseker ons ook daarvan in **Efesiërs 2:6**: “*Ja, in Christus Jesus het Hy ons **saam met Hom** opgewek uit die dood en ons **saam met Hom** 'n plek in die hemel gegee*.”

Die oomblik as jy jou laaste asem uitblaas, is jy in die hemel. En – so het ons verlede week gesien – beleef jy “dinge” wat jy nie kan of mag uitspreek nie, en wat geen oog gesien, en geen oor gehoor het, en wat nog in die hart van geen mens opgekom het nie. Dis te groot vir ons om te verstaan. Ons het nie woorde om dit te beskryf nie. Dis van 'n heel ander dimensie. Té heerlik om met al ons woorde na waarde te beskryf. Dis hemels. Dis **saam met Christus**!

(Volgende keer meer hieroor.)

**–** Dr. André Grové

## Bankbesonderhede

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar* Proeflesers

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (082 334 7913); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).




